# Hoofstuk van die dag: Esegiël 37

> *Die Here het vir my gesê: “Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: ‘Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons.’” (Eseg 37:11)*

As ’n mens in gedagte hou dat daar in die Ou Testamentiese tye

nog nie ’n konsep van lewe ná die dood bestaan het nie, is Eseg 37:1-14 grensverskuiwend. Natuurlik gaan hierdie visioen nie in die eerste plek daaroor nie, maar oor God se vernuwende krag om selfs waar alles dood lyk en doodgeloop het, nuwe lewe, nuwe moontlikhede, nuwe hoop te bring.
Israel het dit baie nodig gehad. Hulle sug en kla (vers 11). Vir hierdie uitsiglose situasie het Esegiël se woorde egter troos: God kan! Sy Gees bring nuwe lewe en nuwe hoop waar hulle op moedverloor se vlakte sit. Niks kan die Here keer nie, selfs nie die dood nie.
Met Christus se opstanding uit die dood het hierdie profesie letterlik in vervulling gegaan. Daar ís lewe na die dood. Daarom kan ons hoop hê op die ewige lewe by Hom.
Maar hierdie gedeelte wil ons ook moed gee wanneer ons in ’n uitsiglose situasie beland. God kan lewe bring waar jy lankal moed opgegee het. So, skep moed en leef!

© Bybelkoerant 2018 – 2026